Posbus 86,

STELLENBOSCH.

23 Mei 1966.

Die Streeksverteenwoordiger,
Departement Beplanning,
Privaatsak 9006,
KAAPSTAD.

Waarde heer,

i/s: ONDERSOEK INGEVOLGE GROEPSGEBIEDE WET (Nr.77 van 1957) - JAMESTOWN, DISTRIK STELLENBOSCH.

Ons, die ondergetekendes, in ons hoedanigheid as verteenwoordigers van die Kleurling inwoners van Jamestown en behoorlik daartoe gemagtig, maak hiermee beswaar teen enige voorstel om die Jamestown gebied, soos in Plan A6 aangedui, vir Blanke besit en bewoning te proklameer.

Ter stawing van ons beswaar wil ons graag die volgende noem:-

1. Tans verskaf die bogenoemde gebied behuising vir 184 Kleurling families van wie baie die laaste 30 jaar daar woonagtig is. In teenstelling hiermee is daar alleenlik 4 eiendomme in die hele gebied wat aan lede van die Blanke Groep behoort.

2. Die gebied is 'n geografiese eenheid op sy eie wat van die omliggende plase deur twee paaie en die rivier geskei is.

3. Die Jamestown kleinhoewes is meestal smal grondstroke ongeveer 70 tree wyd en $1\frac{3}{4}$ morg groot. Die huise daarop is klein en sonder moderne geriewe. Gevolglik is hierdie eiendomme totaal ongeskik vir Blanke bewoning.

4. Verder is daar twee kerke en 'n skool in die gebied wat uitsluitlik vir die gebruik van Kleurlinge opgerig is. Daar is geen soortgelyke geriewe vir Blankes nie.

5. Jamestown is ongeveer 4 myl van Stellenbosch en 8 myl van Somerset Wes geleë. As sulks verskaf Jamestown noodsaaklike arbeid vir die boere in die Stellenbosch - Somerset Wes area.

6. 'n Groot persentasie van die Jamestown kleinhoewe-eienaars is geheel-en-al afhanklik van die groente- en arbeiboerdery wat hulle op hulle eiendomme voer. In hierdie verband wil ons u aandag op die volgende feite vestig:-

   (a) Indien hierdie persone verplig word om hulle eiendomme te verlaat, sal dit vir hulle ontmoontlik wees om soortgelyke kleinhoewe te bekom waarmee hulle hul beroep sal kan voortsit.

   (b) Baie van hierdie persone is bejaarde mense wie nie meer in staat is om 'n nuwe beroep aan te leer nie.

   (c) Party van die kleinhoewe eienaars het hulle boerdery uitgebrei tot omliggende Munisipale grond en daar is tans ongeveer 71 morge in die omgewing wat aan hulle verhuur is. Die huurtermyne van die verskeie kontrakte beloop nog ongeveer 6 jaar vanaf datum hiervan.

Die Streeksverteenwoordiger,
KAAPSTAD.

23 Mei 1966.

---

(d) As gevolg van die bogenoemde is die Jamestown kleinhoewe heelwat meer werd aan hulle Kleurling eienaars as hulle intrinsieke waarde. Die feit dat die vroegste verkopings van erwe in Jamestown aantoon dat die gemiddelde koopprys van $1\frac{3}{4}$ morge R4,000 is, moet hierdie bewering verby enige redelike twyfel bewys.

Ons besware kan dus as volg opgesom word:-

Eerstens is die Jamestown gebied vir die laaste drie tot vier geslagte amper uitsluitlik deur Kleurlinge bewoon;

Tweedens is die gebied alleenlik geskik vir Kleurling inwoning;

Derdens, indien die huidige eienaars verplig word om die gebied te verlaat, sal hulle nie alleenlik hulle behuising maar ook hulle bestaansmiddel daardeur verloor.

Ons sal dit baie hoog op prys stel indien u vir ons sal toelaat om persoonlik of deur ons Regsverteenwoordiger voor u Komitee te verskyn.

GETEKEN te STELLENBOSCH hierdie 25ste dag van MEI 1966.

B. Williams
BAREND WILLIAMS

P.J. v.d. Rheede
PIETER VAN DER RHEEDE

J. Gwilliams
JAKOB GIDEON WILLIAMS

J. Isaacs
JOHN ISAACS

B. Williams
BASIL LLOYD WILLIAMS.